

Die Here is naby

Reeks preke oor die brief aan die Filippense

Dr AH Bogaards

2013

Preek 2

Lees: Hand. 16:16-40

Teks: Hand. 16:25

Psalms: 46:1; 46:3; 130:1; 42:5; 74:15,16

1. Inleiding:

In Filippense 4 vers 5 skryf Paulus: ***Die Here is naby***. Dit is die sleutelvers van die Filippense-brief. Dit is **die skanier waarom die brief draai**. Dit is die bron van die blydskap van die Filippensebrief.

Die Here is naby – dit is 'n uitdrukking wat uit die Ou Testament kom. Onder andere in Psalm 145:18 lees ons dit. In daardie Psalm word die nabyheid van die HERE ten nouste gekoppel aan die **gebed**: Die HERE is naby ***almal wat Hom aanroep***, wat tot Hom bid. En dieselfde kry ons in Filippense 4:5-6: ***Die Here is naby ... Wees oor niks besorg nie, maar laat julle begeertes in alles deur gebed en smeking met danksegging bekend word by God.***

In Psalm 34:18 het ons 'n **verklaring** van die uitdrukking ***die Here is naby***, want daar sê die Psalmdigter: ***Die HERE is naby*** die wat gebroke is van hart, en Hy ***verlos*** die wat verslae is van gees.

In hulle diepste nood het kerk van die Here deur die eeue heen altyd een wapen geken: die wapen van die gevoude hande, die biddende hande.

Dit is 'n wapen so ontsaglik kragtig - nee, nie omdat die gevoude hande self so sterk is nie, maar wanneer ons bid, lê ons ons nood, lê ons die voortbestaan van God se kerk **in die almagtige hande** van handelende Koning van Handeling. Juis daarom is die gebed so kragtig.

En die vrug van die gebed, is so heerlik: want dit het die kerk laat sing midde-in hulle nood. En – die handelende Koning verhoor hulle gebed: Hy laat sien sy verlossende nabyheid.

Dit alles sien ons in hierdie geskiedenis. Ons let daarom op:

1. die gebedsnood;
2. die gebedsaksie; en
3. die gebedsvrug van Paulus-hulle.

Eerstens dan:

2.1. die gebedsnood

of anders gesê: dit wat **aanleiding** gegee het tot die gebed van Paulus en Silas.

Die vorige keer het ons die triomftog van die evangelie in Filippi gesien : op 'n wonderlike manier het die Here die deur van Lidia se hart geopen.

Vanselfsprekend was die duiwel nie bly daaroor nie. Want daardeur was daar nou 'n bres geslaan in sy Europese vesting. Hy was besig om terrein te verloor. Sy alleen-heerskappy in Filippi is bedreig deur die handeling van Koning Jesus deur die prediking van sy gesante aldaar. En dit kan die Satan nie verdra nie. Een bekeerling is vir hom alreeds een te veel.

Daarom gaan die duiwel ook oor tot aksie. **Waar Jesus handel met sy evangelie**, daar **handel die Satan ook met sy weerstand teen die blye boodskap**. Dit is vandag nog so: troue evangelieverkondigers sal sy teenstand ervaar.

In die boek Handeling kry ons dus nie net die handeling van Jesus deur sy gesante nie. Ons kry ook te doen met **die handeling van die duiwel** deur sy trawante. In Filippi mobiliseer die engel van die duisternis sy helse magte teen die oorwinningstog van die evangelie.

En die **eerste soldaat** wat hy teen Paulus in die veld stoot, is **'n slavin met 'n waarsêende gees**. Hierdie vrou was in diens van die afgod Apollo. Waarskynlik was sy 'n priesteres in sy tempel.

Omdat sy onder die mag van ‘n bese gees, ‘n gees van die duivel, was, kon sy die toekoms voorspel. Dit het haar eienaars uitgebuit en hulle het baie geld uit hierdie “gawe” van haar gemaak.

Terwyl Paulus-hulle op pad was na die *bidplek* – let wel, weer die gebed - , daar waar Lidia tot bekering gekom het, het hierdie slavin hulle teëgekóm. Sy het Paulus en sy metgeselle gevolg en geskreeu: ***Hierdie manne is dienaars van God, die Allerhoogste, en hulle verkondig aan julle die weg tot verlossing.***

Ons kan dus sê: dit was **nie net Paulus wat daar** in Filippi **gepreek** het nie. Die duivel het dit ook gedoen. En dit het hy gedoen by monde van hierdie ongelukkige vrou.

Miskien klink dit vir u vreemd: die duivel ‘n evangelie-prediker! Is dit moontlik? Daarop moet ons antwoord: ja! Ons het meer voorbeelde daarvan in die Bybel. Hy misbruik die Woord vir sy doeleindes. Toe Jesus byvoorbeeld in die woestyn versoek is, het die duivel juis met die Bybel na Hom toe gekom en vir Hom gesê: daar staan geskrywe! Maar daar reeds het geblyk dat die ou slang die Woord verdraai.

Hier sien ons **die groot teenstander van God op sy gevaarlikste (Calvyn)**. Hy kom **met die Bybel in die hand**. Hy kom in die gewaad van ‘n engel van die lig. Die evangelie van sy gesante klink na die ware, na die suiwer leer. Want luister net wat preek hierdie vrou met die waarsêende gees: Hierdie manne (hierdie Paulus-hulle) is dienaars van God, die Allerhoogste, en hulle verkondig aan julle **’n** weg van verlossing.

Dit klink so mooi. Maar dis ‘n valse prediking. Want ons moet mooi luister na wat sy sê. Sy (1) verander en (2) laat weg.

1. **SY VERANDER:** Sy preek nie: Paulus verkondig aan julle **dié** weg, die enigste weg van verlossing, nie. Nee, sy roep: Hierdie manne verkondig aan julle **’n** weg van verlossing. (So staan dit in die Grieks = **’n** en nie **die** nie). Sy sê dus: Daar is ook nog ander paaie na God toe. Christus is nie die enigste nie. Daar is ook nog ander maniere om salig te word. My Apollo is ook ‘n weg van verlossing.
2. **SY LAAT WEG:** Dit is opvallend dat sy die Naam van Jesus verswyg. Die weglating van Christus in teologiese werke in ons tyd is dus niks nuuts nie.

Daar is ook werklik teoloë wat leer dat ons en die Mohammedane en die Boediste dieselfde God aanbid. Hulle beweer dan: ook daardie afgodedienaars kom by die ware God uit. Hulle kom net op

‘n ander manier, langs ‘n ander weg, by God uit. *Maar ons sê: nee! Daar is net een weg en dit is Christus. Hy is die weg en die waarheid en die lewe en niemand kom tot die Vader, behalwe deur Hom nie.*

Dit is ook kommerwekkend hoe Christus in preke en oordenkings nie genoem word nie. Die duiwel gee nie om dat ons preek nie, maar dan moet ons tog net nie die Naam van Jesus noem nie. Ons moet liever nog vir mense sê: deur julle goeie werke kan julle salig word. Maar ook enige Christus-plus-my-goeie-werke-prediking is nie die ware prediking nie. Want dit leer ons dat Christus nie die enigste weg is nie. Hy is dan maar net ‘n weg, maar nie *dié* weg nie. Dit maak sulke prediking so uiters gevaarlik.

Maar **hoe stuit Paulus die duiwel** nou in sy stormloop? Probeer hy dit self doen? Nee, hy doen ‘n beroep op Christus. Want vir die bose gees sê hy: Ek beveel jou *in die Naam van Jesus Christus* om uit haar uit te gaan. Hy sê dus: **Here Jesus, handel U**. Ons handeling kan die duiwel nie keer nie. En Jesus het gehandel. Want daar staan: *En hy het op dieselfde oomblik uit hom uitgegaan.*

En hy het op dieselfde oomblik uit hom uitgegaan – hier sien ons die krag van Christus-prediking.

Ons kan die duiwel nie oorwin nie. Ons kan onself nie van hierdie of daardie sonde in ons lewe verlos nie. Smee Christus dan om reddend in u lewe te handel.

Die slavin was dus bevry. Maar daarvoor was haar base nie bly nie, want nou was hulle wins daarmee heen. En juis dit gryp die duiwel as sy *tweede* wapen aan: vir Mammon, die geldgod. Want die eienaars van die slavin gryp Paulus en Silas en hulle beland in die tronk.

Nou het die duiwel sy doel bereik. Sy handeling het geslaag. Die mond van die evangelie is gesnoer. Wat sal Paulus en Silas se antwoord op die nood wees? Dit bring ons by die tweede punt:

2.2. die gebed

Handeling is die boek van die handeling van die verhoogde Here Jesus. Dit is ook die boek van **die gebedshandeling van die kerk**. Dit is opvallend hoeveel maal ons hoor dat daar gebed word.

Ook Paulus was ‘n man van gebed. Toe hy daar, op die weg van Damaskus, van sy kameel afgeval het, het hy (by wyse van spreke) op sy knieë te lande gekom (Here, wat wil u hê moet ek doen). En op sy knieë het hy (by wyse van spreke) vir die res van sy lewe gebly. Want dit is werklik opvallend hoe vol sy briewe met gebede is. Paulus was ‘n biddende man.

En ook hier, in die tronk, bid hy en Silas. **So handel hulle in hulle nood.** Hulle neem hulle toevlug tot die daad, **die handeling van die gebed.** Dit moet ons tog nie verkeerd begryp nie. Gebed beteken nie dat ons self wil handel nie. Waaragtige gebed beteken juis: om jou hande na Christus uit te steek dat Hy sal handel, dat Hy met sy almagtige handeling reddend sal ingryp. En dit is juis die krag van die gebed: die reddende nabyheid van die Here.

Paulus en Silas het die groot krag van die gebed geken? Ken ons dit ook?

Ons let laastens op die effek, op die resultaat, die gevolg, die

2.3. vrug van die gebed

1. Die *eerste* wat ons hoor na hulle gebed is dat Paulus en Silas **gesing** het.

Hulle het gebed én gesing. *Die twee gaan saam:* wie bid sing. Die gebed maak die sanglus wakker.

Paulus en Silas het gesing. Maar wat? Klaagliedere? Psalms waarin hulle hulle nood voor God beklag het? Nee, daar staan: Hulle het *lofliedere* gesing, jubelsange om middernag, deur donkernag omgewe.

(Ps.42:5 berymd:

*Maar die HEER sal in my lewe
weer oordag sy guns gebied.
Ook deur donker nag omgewe,
sing ek nog my pelgrimslied.
Ja, ek lofsing in die nag,
want ek bly die HEER verwag;
my gebed sal opwaarts strewe
na die bronwel van my lewe.*

LW: Sang en gebed ook in hierdie Psalm saam).

Dit is tog ongelooflik, nie waar nie? Terwyl hulle met stukkend geslaande rue in die tronk lê, hulle voete in blokke vasgeknel, sing hulle! Hoe kan dit? Wel hier sien ons *die groot krag van die gebed!* Deur die gebed lê ons ons diepste nood in God se hande en dan kan ons sing. Ja, dan juig ons. Die gebed is die geheim van Paulus-hulle se blydschap. Want deur die gebed weet hulle dat hulle lewens veilig is by God en dat die duiwel nie sal slaag om die kerk te kelder in sy evangelie-prediking en in sy voortgang en in sy voortbestaan nie.

Wat is Lofpsalms? Lofliedere oor die daade van God. Dit is die hart van die Psalms oor die algemeen: die daade van God.

2. Ons hoor in die *tweede* plek dat **die gevangenis geluister** het. Hulle sang was 'n soort prediking. Dit was iets ongewoons in die tronk. Die gevangenes was meer gewoond aan 'n gevloek en 'n gekerm. Maar hier weerklink lofliedere. Die gevangenes kon dus hoor wat die krag van die gebed is.

Is ons blymoedig? Sing ons ook graag? Want dit kan 'n wapen tot evangelisasie wees, 'n manier om aan ander te wys: maar dit is heerlik om 'n Christen te wees. So kan u ander tot die God van ons gebede trek.

3. Die krag van die gebed word **derdens** geïllustreer in die **aardbewing** wat daarop gevolg het.

Ons hoor iets dergeliks in Handeling 4:31: En toe hulle gebid het, is die plek geskud waar hulle saam was. En dink verder maar aan Op.8:20: Toe die engel die skaal met die gebede van die heiliges daarin op die aarde gegooi het, het daar stemme gekom en donderslae en weerligte en...aardbewing!

Lukas vertel ons dat die aardbewing so erg was, dat die fundamente van die gevangenis geskud het. En onmiddelik het die deure oopgegaan en die boeie van almal het losgegaan. Satan wou die evangelie agter die tronkdeure toesluit, maar deur die gebed van die kerk is die gevangenesdeure oopgeruk.

(Ps.107:7 berymd:

***Die koper-kerkerdeur het
gewaggel voor Gods mag
wat ysters weggebeur het,
verbreek het met een slag.***

LW: Ook in hierdie Psalm gebed-verlossing)

Die gebed van die kerk is die geheim van die voortgang van die evangelie. Bid u dat die evangelie ook hier mag uitbrei?

4. Maar nie net gevangenesdeure het oopgegaan nie. Ons hoor ook in die *vierde* plek dat **die deur van iemand se hart** oopgegaan het: want die tronkbewaarder het tot bekering gekom.

Daaragter sit die gebed van Paulus. Maar ek sê weer: die gebed op sigself kan mense nie verander nie. Maar in die gebed vra ons dat die Here Jesus sal handel, dat Hy verlossend naby sal wees.

Ons kan ander mense nie verander nie. Ons kan ons kinders nie tot geloof bring nie. Maar ons kan wel bid. Doen ons dit genoeg?

By hierdie tronkbewaarder sien ons dieselfde gebeur as wat by Lidia plaasgevind het. Toe sy hart vir God oopgegaan het, het die deur van sy huis ook vir die Here se gesante oopgegaan. Want hy het hulle in sy huis geneem en verpleeg en kos gegee. Hy het 'n oop hart vir die kerk gekry, want hy het homself en al sy mense laat doop. D.w.s. hy het by die kerk aangesluit.

5. As *laaste* vrug op Paulus en Silas se gebed hoor ons dat hulle *deur die geregsdienaars vrygelaat* is. Die handeling van die Satan het misluk. Want selfs in die tronk en ondanks die kerkerdeure en die tronkmure het die evangelie sy triomftog voortgesit. Die Here sal sy werk deur niks laat keer nie.

3. Slot

Laat ons 'n biddende gemeente wees. Dan sal die kerk ook hier voortgaan en uitbrei. Want die gebed van 'n regverdige het groot krag.

AMEN